Community Newspaper

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

20 March 2026

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

295th Edition

3 Wêreld-biddag
5 Afrikaans na Amerika
9 Adopt don't Shop
10 Dubbele seën
12 Jukskeiklub van die Jaar

## Koekeloer vier nog 'n jaar van glans en styl

Paid Advertorial



Jan & Nelia Koekemoer

Verbygangers 'loer' al die afgelope 13 jaar deur Koekeloer se vensters na die die allermooiste geskenkies en allerlei unieke items wat die hart kan steel, en daar word deurgaans aan die versoeking toegegee om binne te stap en te koop - hoe dan anders met die besonderse voorraad in die winkel? Koekeloer vier hul dertiende trotse bestaansjaar.

"Ons het Koekeloer dertien jaar gelede geopen waar Snippets Haarsalon destyds was," vertel Jan Koekemoer, mede-eienaar saam met Nelia Koekemoer. "Dit was destyds 'n baie klein begin en as jy te vinnig verbygeloop het, sou jy dit maklik kon mis," vertel hy nou met 'n glimlag.
Jan en Nelia is reeds jare lank bekende sakemense in die Overstrand-streek, en vanjaar vier hulle Koekeloer se dertiende jaar van styl en unieke geskenke - 'n besonderse mylpaal vir hierdie bekende onderneming in die Gansbaai-omgewing.

*Artikel volg op bladsy 2*



Galvatech
Corrosion Protection Specialists

Galvatech - Korrosiebeskerming Spesialiste diens nou
Gansbaai en Omgewing!




Beskerm jou staal teen die elemente met Galvatech se gehalte-afwerkings - vinnig, betroubaar en professioneel.

- Hot Dip Galvanisering
- Epoxy Powder Coating
- Shot/Sand Blasting
- Industriele Spuitverf
- Galvanisering SANS 121 Goedgekeur

Of jy nou 'n boer, kontrakteur of ingenieur is - Galvatech help jou om jou staalwerk reg te beskerm, die eerste keer!

Diens beskikbaar in Gansbaai en omliggende dorpe - Skakel vandag nog of besoek galvatech.co.za

021 951 1211
066 474 6967
sales@galvatech.co.za

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




Ten spyte van die beskeie begin, het die winkel se unieke en stylvolle geskenkreeks baie vinnig groot aanklank by die publiek gevind. Hierdie groei in gewildheid het uiteindelik daartoe gelei dat 'n groter perseel benodig is, en hulle het verhuis na waar Koekeloer vandag is: aan die einde van die Great White Junction (Sparsentrum), waarheen kliënte steeds gelok word.

Nelia is die een wat vir die aankoop van voorraad verantwoordelik is. Derhalwe reis sy gereeld na lande soos Indonesië, Thailand en Indië om besonderse en spesifieke produkte te kies wat Koekeloer se rakke op 'n unieke manier met 'n tikkie andersheid vul. Sowat vyf jaar gelede het Nelia ook Koekeloer Boutique geopen, waar klere van hoogstaande gehalte te koop aangebied word. Die boutique het vinnig 'n gunsteling geword vir kliënte wat na stylvolle en unieke modes op soek is.

Jan en Nelia sê hulle is diep dankbaar vir die genade wat hulle oor die jare ervaar het. Hulle spreek ook hul groot waardering uit teenoor hul toegewyde personeel wat 'n belangrike rol in die sukses van die besigheid speel, asook vir die lojale ondersteuning van die publiek wat, volgens hulle, 'n groot riem onder die hart is.

Koekeloer Geskenke en Decor het oor die jare 'n reputasie opgebou as die winkel om te besoek wanneer iemand op soek is na daardie spesiale geskenk of iets besonders vir die huis - alles uniek en spesiaal. Met dertien jaar agter die rug kyk die Koekemoers met dankbaarheid terug - en kyk met opgewondenheid vorentoe na nog baie jare van kreatiwiteit, styl en diens aan hul kliënte.

**Hardus Botha**









# Afrikanos – Waar avontuur, kos en kuier bymekaar kom!

In die hart van ons kus lê Afrikanos, 'n unieke plek waar avontuur, heerlike kos en goeie geselskap saamkom. Of jy nou lus is vir 'n adrenalien-gevulde ervaring, 'n ontspanne ete saam met familie, of net 'n koue drankie met 'n mooi uitsig – by Afrikanos is daar iets vir almal.

Een van die grootste trekpleisters is natuurlik ons krokodil toere en duike. Besoekers kry die kans om hierdie indrukwekkende reptiele van naby te sien en meer te leer oor hulle gedrag en habitat. Vir die dapperes is daar selfs die kans om in 'n veilige omgewing saam die krokke te swem – 'n ervaring wat jy nooit sal vergeet nie!

Maar Afrikanos is nie net vir adrenalien-soekers nie. Families en kinders is net so welkom. Ons het 'n lekker speelarea vir kinders, waar die jongspan kan hardloop, klim en speel terwyl ouers ontspan!

Wanneer die honger begin knaag, wag ons restaurant met 'n spyskaart vol smaak. Van sappige burgers en smaaklike disse tot vars gunstelinge – daar is iets vir almal. Ons cocktails, yskoue bier en verfrissende milkshakes maak elke kuier nog beter.

Die atmosfeer by Afrikanos is ontspanne, vriendelik en vol karakter – die perfekte plek vir familie-uitstappies, vriende se kuier, of selfs net 'n vinnige draai vir iets lekker.

Hier wag 'n bietjie wildheid, baie geur, en nog meer goeie tye.

Afrikanos – waar elke besoek 'n avontuur is.










# 96ste SA Wêreldbiddag vir Vroue

## *-Vroue van Nigerië-*



'*Kom, Ek sal jou rus gee*' (Matt. 11:28) was vanjaar se tema vir Wêreldbiddag vir Vroue op 6 Maart 2026 - jaarliks op die eerste Vrydag van Maart wêreldwyd. Hierdie biddag is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christenvroue, -mans en -kinders van verskillende lande. Internasionaal word Wêreldbiddag vir Vroue reeds sedert 1887 gevier - tans in meer as 170 lande op al sewe kontinente. In Suid-Afrika is dit die 96ste jaar dat die land hieraan deelneem.

In Gansbaai was Charlotte Herselman die gasspreker tydens die NG-gemeente se Wêreldbiddag vir Vroue. Die geleentheid is deur die Gasvryheidsgroep, onder leiding van Elcine Hulme, in die NG-kerkgebou aangebied. Die dames het op 'n Afrika-tema besluit, aangesien vanjaar se biddag op die vroue van Nigerië gefokus het.

Charlotte het enkele voorbeelde van Nigeriese vroue se lewensverhale, waar dinge vir hulle moeilik gemaak word, aan die gaste voorgehou, asook inligting vanaf 'n dokument vanuit Nigerië. "Een daarvan is 'n vroutjie wat op 28-jarige ouderdom 'n weduwee geword het," het sy gesê. "Sy het baie meer as net haar man in die oorlog verloor - byna ook haar grond, met haar skoonfamilie wat dit opgeëis het." Die vroutjie het hoop gekry toe sy in die kerk sien hoe ander weduwees mekaar probeer ondersteun en besef dat hulle baie sterker kan wees deur saam te staan.
Dan is daar 'n vrou se 14-jarige dogter wat vreesbevange is sy word ontvoer - sy is geleer om met liefdevolle oë na mense om haar te kyk. "Derdens verwys die dokument daarna dat Nigerië al armer word, met 'n regering wat nie na sy landsburgers omsien nie," het Charlotte gesê. Selfs die land se stapelvoedsel, rys, kan nie meer bekostig word nie en het 'n luukse geword - terwyl andere net ryker word. Charlotte het die dames daarop gewys dat geestelike uitbranding kan plaasvind wanneer 'n mens jou geloof as 'n prestasie sien - "alles onnodig; Jesus het alles reeds aan die kruis volbring en sy genade is vir ons genoeg." Sy het ook 'n bietjie gesels oor die begrip *Sagmoedige*, wat Jesus gesê het Hy is.




Charlotte het afgesluit deur die situasie só op te som: "Ons vroue het spesifieke gewaarwordinge oor hoe ons voel - soort van moeg daarvan om altyd braaf en sterk te wees. Tog kan ons aan die voete van Jesus bid vir die vrede wat alle verstand te bowe gaan, ondanks oorlog, vervolging en laste - en vertrou dat God daardie vrede wel vir ons sal gee!" Charlotte het die verrigtinge met die vertoon van 'n skyfie afgesluit - 'n babatjie in 'n Groot Hand, wat boekdele spreek.

**Hardus Botha**






# Blompark se Jolyn Phillips neem Afrikaans na Amerika




Jolyn Phillips (dr) en Afrikaans is ná al die jare steeds sinoniem met mekaar - dit is juis Afrikaans wat haar in die kollig hou. Hierdie talentvolle skryfster, digteres, musikant, liedjieskrywer en akademikus is in Blompark, Gansbaai, gebore en sonder twyfel 'n trots vir die omgewing. Nou is sy op pad na een van die oudste universiteite in die Verenigde State van Amerika (VSA), Brown University, om Afrikaans as 'n vak aan te bied! Sy sal ook voldoende tyd gegun word om navorsing te doen - wat 'n prestasie en voorreg is dit nie!

Jolyn is op 5 April 1990 in Blompark gebore en het haar laerskooljare aan Gansbaai Primêr voltooi. Sy sê Steve Jacobs, Gansbaai Primêr se voormalige taalonderwyser, was haar mentor. Ná haar suksesvolle studiejare aan die Universiteit van Wes-Kaapland, verwerf sy haar Meestersgraad in Kreatiewe Skryfkuns in September 2014 aan dieselfde universiteit.

Op 30 September 2016 word Jolyn soos 'n koningin in Blompark ontvang toe sy haar debuutbundel, *Tjieng Tjang Tjeries and Other Stories*, tydens 'n prestigegeleentheid in Gansbaai Primêr se skoolsaal bekend gestel het. Die destydse Overstrand Munisipaliteit se Uitvoerende Burgemeester, Rudolph Smith, het tydens die bekendstelling gesê: "Jolyn, jy is 'n absolute inspirasie oor wat alles met harde werk en toegewydheid bereik kan word. Deur jou voorbeeld het jy bewys dat alles moontlik is indien jy in jouself glo."

Ná haar debuutbundel is verskeie ander bundels en boeke gepubliseer, gepaardgaande met 'n hele paar gesogte pryse wat deur haar ingepalm is. In September 2024 verwerf Jolyn haar doktorsgraad (PhD) in Engelse Letterkunde aan die Universiteit van Wes-Kaapland - wat 'n uitsonderlike pad van sukses is dit nie - uit die geledere van Blompark - en nou is sy op pad na Amerika om Afrikaans as 'n universiteitsvak aan te bied!

Die redaksie van Gans-Berg Nuus wens Jolyn net die beste toe met haar werksaamhede in die VSA.

**Hardus Botha**

# B'bos Basaar - pure pret en plesier

Die jaarlikse Baardskeerdersbos-basaar bly maar uniek, met die boeregemeenskap, asook 'n groot aantal Gansbaaiers wat inklim en oral help.

Daar was weer iets van alles om te koop en te geniet - 'n verskeidenheid van eetgoed, groente, vleis, naaldwerk en baie meer. Van eetgoed gepraat: Gansbaai se twee predikante, Willie Kotze en Hanri Joubert, het weer bontgestaan met hul braaigeregte soos net hulle twee dit kan doen! Bykomend, soos elke jaar, het die boere-orkes vir 'n gesellige atmosfeer gesorg met hul vyfman-orkes wat weet wat hulle doen en hoe om die voete te laat jeuk. Ben Uys het sy bes gedoen om pryse vir die items op die veiling so hoog as moontlik te hou - doen so voort, B'bossers!

**Hardus Botha**















# 'Adopt, don't shop' - WildnFree se boodskap aan diereliefhebbers


Marié Botha en Sue Lorenzen van WildnFree.

“Ons twee pragtige swart katjies het hul vir-altyd-huis by 'n wonderlike familie gevind; die hondjies het die beste dag gehad - hulle het heerlik in drukkies gebad, speeltyd geniet en liefde en lekkernye ontvang.” Dit was die resultate van die onlangse '*Adoption Day*' by Groeneweide wat deur Marié Botha en Sue Lorenzen van WildnFree gereël is - 'n organisasie wat deur hulle twee as 'n *Facebook-blad* in belang van diere gestig is en waardeur hulle verskeie projekte aanpak.


Opgewonde diereliefhebbers by Groeneweide.

Die 'Adoption Day'-projek was ten bate van BARC (Birkenhead Animal Rescue Centre) gereël. Die gesellige byeenkoms het ten doel gehad om aanneemgesinne vir honde en katte te vind, maar ook om mense aan te moedig om diere aan te neem. “Wat 'n pragtige oggend vol swaaiende stertjies, sagte gespin en groot harte het ons nie ervaar nie,” vertel Sue, met Marié wat byvoeg: “Dankie aan julle, die gemeenskap, wat kom inloer het met glimlagte, wonderlike ondersteuning en deernis.” En hulle boodskap? '*Adopt, don't shop*!'

Hierdie twee bedrywige dames het al verskeie projekte aangepak, soos onder andere voedingstasies vir diere by Pearly Beach na die brande, asook die bou uilhokke na die 2019-brande en, meer onlangs, waterbakke vir bye en insekte. Daar is dus geen einde aan hulle projekte nie. Ook onder die sambreel van *WildnFree* is: *Overberg Petsitters* - 'n besigheid regdeur die Overberg; *Overberg MoonWalkers* - waardeur hulle die volmaan-stappe reël, soos die een wat hulle ten bate van Panthera Africa gedoen het en 'n pragtige bedrag ingesamel het.

**'Adopt-a-Kennel'**
Marié en Sue se volgende projek ten bate van BARC verdien beslis ook indringende kennisname - die aanneem van 'n hondehok (kennel). Die gemeenskap en plaaslike besighede word uitgenooi om deel te wees van 'n besonderse projek: '*Adopt-a-Kennel*'. “Kies 'n hondehok by BARC en maak dit jou eie; verander dit in 'n knus, verwelkomende ruimte met verf en versiering,” vertel Sue. “Bring dan jou besigheids-embleem of 'n boodskap van hoop op die hok aan en ondersteun dit maandeliks vanaf so min as R100 of meer - om te help verseker dat kos, sorg en liefde nooit opraak nie.” Die besigheid se embleem (logo) of 'n familienaam kan dan trots op die hok pryk, en besoekers sal kan sien jy het 'n hart vir diere en ook weet jy is deel van die reddingsverhaal - hierdie is dus nie net 'n borgskap nie, dit is 'n vennootskap in deernis.



Beslis twee dames met groot planne vir groot projekte - gegrond op hulle liefde vir diere. Kontak gerus *WildnFree* se Marié Botha by 064 789 1456 of jbotha6311@gmail.com, of Sue Lorenzen by 082 656 2593 of overbergpetsitters2026@gmail.com. *(Foto's verskaf)*

**Hardus Botha**






# Parstyd-toer 'n 'wenresep' vir Gansbaai Wynproegilde



*Van wingerd tot wynvat tot wynbottel vir Gansbaai Wynproegilde-lede.* "Vanjaar se wyntoer het baie goed afgeloop - dit is 'n nuwe terrein wat ons betree het deur wynplase en -kelders te besoek wat besig is om te pars," het Japie Spies, voorsitter van die Gansbaai Wynproegilde, gesê. Die 44 lede wat die toer meegemaak het, het dit as uniek en 'n 'wenresep' vir opvolgtoere beskryf. Die toer het op 24, 26 en 27 Februarie 2026 plaasgevind.

Die eerste wynplaas wat besoek is, was Misty Mountains Wynlandgoed, waar die lede deur Neil Moorhouse (kelderbestuurder) en Barry Schölfield (wynmaker) ontvang is. Die tweede besoek was aan Welgesind Wynlandgoed van Chris de Wit.



Wat die toer verder uniek gemaak het, is dat die volledige plase besoek is en nie net die wynkelders nie. Die lede kon eers deur die wingerde stap, waar insiggewende inligting aan hulle oorgedra is. Verskillende kultivars is aan hulle uitgewys, asook trosse druiwe en die verskil in korrels - met druiwekorrels wat geproe kon word. By die kelders is die onderskeie prosesse van wynmaak aan hulle uitgewys en verduidelik - waar die druiwe gepars word, in tenks kom en daarna gebottel word. Die lede kon selfs wyn, wat in verskillende fases van fermentasie en afronding is, uit die tenks en vate proe. Daarna is die besoekers genooi om die onderskeie kelders se verskillende wyne te proe, met verversings wat genuttig kon word.

**Misty Mountains Wynlandgoed**
By Misty Mountains, 'n 43-hektaar-plaas, is die lede hartlik deur Neil en Barry verwelkom - hulle het gesorg dat die lede 'n besonderse en insiggewende toer deur die wingerd, asook in die kelder, geniet. Die wynplaas spog met hulle



bekroonde Misty Mountains Sauvignon Blanc, Rosé en Shiraz, asook 'n uitsoekreeks MCC-wyne (Méthode Cap Classique) wat vir wynliefhebbers beskikbaar is. Van ryk en vol rooiwyne tot kraakvars witwyne word hier aangebied, met handwerkbier, sider, gegeurde jenewers en vodka wat ook op die landgoed vervaardig word.

**Welgesind Wynlandgoed**
'*Handgemaak in Stanford*' - die bekoorlike boetiek-wynlandgoed, Welgesind, van Chris de Wit (wynproegilde-lid). Hy het die lede in sy pragtige huis, wat bo-op die wynkelder gebou is, verwelkom. Chris produseer klassieke





landgoedwyne volgens tradisionele metodes, met die hulp en ondersteuning van vriende. In Chris se kelder het die lede selfs wyn deur middel van pypies uit die vate geproe. Die proewyne wat deur hom aangebied is, is: 2023 Romanse; 2022/24 Sauvignon Blanc; 2023/22/20 Shiraz; en 2023/22 Malbec.

Chris het in Hermanus grootgeword en skoolgegaan - met 'n droom om sy eie wynplaas te besit. Sy voormalige beroepslewe staan eintlik lynreg teenoor die maak van wyn. Sy eintlike passie in die lewe is motorwerktuigkunde, motorsport en tydrenne - glo dit of nie! In 2007 koop Chris die plaas Welgesind, met die aanplant van 'n wingerd later. Die eerste klein hoeveelheid



wyn, 'n Shiraz, het hy in 2013 gemaak, wat hy "Mechanic" (sy groot liefde) genoem het - daarna het Chris nog nooit weer teruggekyk nie. Nou ja, vanaf motorwerktuigkundige, motorsport en tydrenne na 'n knap en eiehandige wynmaker - dit wil gedoen wees, Chris!
*(Foto's: Nelleke Ferreira en Marmara de Klerk, wynproegilde-lede - ongelukkig te min spasie vir al die pragtige foto's!)*

**Hardus Botha**

Medical 911

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

# Overberg Kushengelklub
# Mooi visse uitgetrek in stormsterk wind

"Hoe lui die liedjie: *Die windjie kan maar waai, die stoffie kan maar trek*… Nou ja, dit was sekerlik Saterdag, 7 Maart 2026, die geval!" laat weet Elba Tredoux van die Overberg Kushengelklub in Pearly Beach. Sy sê die hengelaars moes vasstaan teen 'n stormsterk wind en die meeste vis is dan ook vroegaand of vroegoggend uitgetrek.

Mario van der Westhuizen was die dag se wenner met 'n praggewig van 8.47 kg. Tweede was Thys Kemp met 5.68 kg en derde Eben Swanepoel met 5.50 kg - almal lede van die Leervisse-span. "Ons is nou net oor die helfte van ons hengeljaar en die puntestand, individueel sowel as per span, begin nou regtig kompeterend raak," skryf Elba. "Ons sien uit na die volgende kompetisie - die galjoenseisoen is immers oop!"

Soos gebruiklik het Die Musiekfabriek weer voete-jeuk-musiek gemaak, veral met Willie de Villiers op die klawerbord. Elba sê dít, saam met 'n uit-die-boeke kabeljoubraai wat deur die Knorhane-span voorgesit is, het weer gesorg vir 'n besonderse en gesellige kuieraand. "Om vir 80 mense gebakte vis en bykosse voor te sit, verg fyn beplanning - welgedaan, Knorhane!"


*Die suksesvolle hengelaars: André Roux, Melchi Botha, Eben Swanepoel, Mario van der Westhuizen, Arno van der Merwe, Estelle Basson, Frans Claassen, Etienne Jordaan en Thys Kemp.*

Elba sê nuwe lede wat by die klub aansluit, is altyd verblydende nuus. Hierdie keer is Johan en Heleen Fourie as nuwe lede welkom geheet. Overberg Kushengelklub se volgende hengelkompetisie is vir die naweek van 21 Maart 2026 geskeduleer.

**Hardus Botha**


*Die wenners: Eben Swanepoel, Mario van der Westhuizen (wenner) en Thys Kemp, saam met Frans Claassen.*


Nuwe lede: Heleen en Johan Fourie.


'n Netjies-ingerigte buite-kombuis, met twee voorslag bak-vrouens, Esbie Botha en Fienie le Roux.

**OVERSTRAND**
**MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA**

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that an **ORDINARY MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **BANQUETING HALL, CIVIC CENTRE, HERMANUS** on **WEDNESDAY, 25 MARCH 2026** at **10:00.**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat 'n **GEWONE VERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **BANKETSAAL, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **WOENSDAG, 25 MAART 2026** om **10:00.**

**OKU KUKWAZISA** ukuba **INTLANGANISO YESIQHELO yeBHUNGA LIKAMASIPALA WE-OVERSTRAND,** iza kuba se **eBANQUETING HALL, KWIZIKO LOLUNTU, eHERMANUS uLWESITHATHU, Umhla we 25 MATSHI 2026 ngeye-10:00.**

**MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER / UMPHATHI KA MASIPALA**
**NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 36/2026**



# B'Bos Art Gallery and Café opens in Baardskeerdersbos


The B'Bos Art Gallery and Café is the brainchild of commercial photographer Claire Gunn and travelling videographer Eva Gilliam, both multi-skilled artists and residents of Baardskeerdersbos. The space began as a holiday pop-up in December, but after a warm response from locals and visitors, the pair decided to keep the doors open.


Located at 1 Kerk Street in the heart of the village, B'Bos now operates every Friday to Sunday from 9am to 2pm as both a café and gallery. During the rest of the week, the heritage studio space is used as a working art studio and for creative workshops, with the gallery open by appointment.
The café focuses on simple, homemade offerings. All cakes and pies are baked in-house, and the coffee is locally roasted by Raging Goose Coffee Roasters. The gallery showcases art created by artists from Baardskeerdersbos and the surrounding area, celebrating the strong creative community in the region.

Visitors will also find a small selection of pre-loved clothing, alongside newly made hemp-linen garments created by a local maker, as well as crafts, art supplies and an honesty library.

B'Bos Art Gallery and Café will also be participating in the upcoming B'Bos Art Route, taking place on 28 and 29 March, when visitors can explore the many artists and studios that make Baardskeerdersbos such a unique creative village.

**Claire Gunn**




# NGK-koor sing harte warm vir bejaardes



*Franna Herselman (seremoniemeester en Linette J van Rensburg (koorafrigter).*

'n Besonderse en luisterryke kooruitvoering is op Saterdag, 14 Maart 2026 in die NG Kerk, Gansbaai aangebied. Linette J van Rensburg, koorafrigter van die Gansbaai NG Kerkkoor, het die uitvoering gereël, met die koor wat - soos gewoonlik - op hul stukke was met koorsang uit die boonste rakke. Sowat 60 lede van die Herfsblare-groep van vyf tehuise vir bejaardes in Worcester is na die uitvoering genooi, asook gemeentelede en inwoners van Herber-aan-See Tehuis vir Bejaardes en Silwerjare Dienssentrum.

Linette het 'n kort verwelkomingswoord aan die gaste gerig, waarna sy emerituspredikant ds Franna Herselman as seremoniemeester aan die woord gestel het. Franna het, op sy kenmerkende manier, die gaste laat skaterlag voordat die verrigtinge begin is.

Die koor het begin met *My God, What a Morning* en *God is Liefde*, waarna Deon Naude 'n trompetitem gelewer het. Daarna het die koor *Hierdie Kind*, *God se Belofte* en die gewilde *Gebed* van Koos du Plessis gesing. Franna het daarna sy eggenote, Charlotte Herselman, aan die woord gestel wat 'n humoristiese praatjie gelewer het.

Die laaste deel van die program is voortgesit met die koor se luisterryke koorsang: *Houtkruis* en *Mosterdsaad*,



*Die NGk-koor.*



*Past Emilia Swanepoel, staande regs, verwelkom die gaste by Gansbaai Lighuis (AGS) wat tee en verversings aangebied het.*

met sy kenmerkende en besonderse melodie. Tony Holtzhausen het ook 'n uitstekende trompetitem, *What a Wonderful World*, gelewer.

Die laaste lied deur die koor was *Gemsbok* van Randall Wicomb, waarna hulle met *Seënbede* afgesluit het. Bravo aan Linette en haar koor - julle is werklik besonders!

Die besoekers is ná afloop van die kooruitvoering na Gansbaai Lighuis (AGS) geneem, waar pastoor Emilia Swanepoel hulle vir tee en verversings verwelkom het.
(*Foto's: Floors Avenant*)

**Hardus Botha**

# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?**
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
UNITY SERVICE RECOVERY
ALCOHOLICS ANONYMOUS
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

**CONTACT US TO ADVERTISE:**
Michelle:078 010 8286 michelle@gansberg.co.za
Janine:072 931 1431 janine@gansberg.co.za

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant
Website Link
TikTok
GANSBERGNEWS
Facebook Link
028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |

## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Y | Z | T | T | Q | P | M | O | C | T | O | B | E | R | F | Y | A |
| A | T | Z | E | Q | U | I | N | O | X | Z | N | S | R | E | N | S |
| C | H | W | K | M | N | I | K | P | M | U | P | O | K | H | O | P |
| H | A | B | I | Z | L | N | Q | E | W | P | S | R | V | V | S | O |
| I | N | C | N | N | R | O | C | H | M | T | U | C | Z | W | A | R |
| L | K | P | E | H | D | E | O | A | A | T | C | O | L | D | E | C |
| L | S | V | E | O | M | Y | B | H | N | R | B | L | U | B | S | N |
| Y | G | W | W | W | F | X | A | M | C | N | V | H | M | N | W | F |
| I | I | D | O | A | E | Y | P | R | E | S | I | E | I | S | T | A |
| O | V | D | L | H | S | A | U | Q | S | T | V | N | S | B | T | R |
| U | I | L | L | T | D | U | F | W | S | O | P | Z | G | T | I | M |
| H | N | G | A | I | I | V | F | A | N | U | W | E | K | M | P | I |
| E | G | C | H | O | D | Z | E | K | A | R | N | D | S | M | M | N |
| H | K | L | E | P | E | F | Z | C | Z | I | X | X | M | Y | I | G |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 2 | | | | | 8 |
| | | | | 4 | | | 7 | 1 |
| | 5 | | | | 1 | | | 3 |
| | | | 9 | | | 1 | 3 | |
| 9 | | 8 | 6 | 2 | | 7 | | |
| 6 | | 3 | | | | | | |
| 7 | | 1 | | | | | 9 | |
| | 4 | | | | | | 1 | |
| 8 | | | | 3 | | | 5 | |

CANNING
CHILLY
COLD
CROPS
EQUINOX
FALL
FARMING
FEAST
FROST
HALLOWEEN
HARVEST
HAYSTACK
NOVEMBER
OCTOBER
PUMPKIN
RAKE
SCHOOL
SEASON
SEPTEMBER
SQUASH
THANKSGIVING
TURKEY
WINDY

## Colour me in....



## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| D | A | M | E | T | E | O | R | A | V | O | N | R | E | P | U | S |
| S | G | S | H | Q | Q | B | J | V | G | H | S | X | V | N | X | I |
| R | F | T | P | M | A | R | O | R | U | A | O | A | O | G | G | U |
| A | R | L | A | E | R | S | A | H | D | E | J | I | Z | Z | S | J |
| S | A | D | N | S | T | S | Z | S | K | C | T | O | J | M | O | I |
| A | W | C | U | A | T | I | I | B | L | A | C | K | H | O | L | E |
| U | D | U | R | E | L | R | L | C | L | P | D | X | M | O | A | G |
| Q | E | K | R | Q | A | E | O | L | E | S | F | I | E | N | R | R |
| U | T | O | C | L | C | Y | E | N | E | S | K | V | C | I | S | A |
| U | I | O | O | L | X | T | W | T | O | T | R | E | I | O | Y | V |
| D | H | P | I | A | S | P | R | C | I | M | A | A | P | L | S | I |
| W | W | P | L | N | O | M | N | Y | A | B | E | S | P | L | T | T |
| G | S | A | O | T | E | N | A | L | P | K | R | R | Q | C | E | Y |
| E | G | C | M | T | I | D | E | S | K | Y | E | O | T | R | M | R |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 9 | 4 | 6 | 7 | 3 | 2 | 8 | 1 |
| 6 | 3 | 8 | 1 | 2 | 4 | 7 | 9 | 5 |
| 1 | 7 | 2 | 8 | 9 | 5 | 6 | 3 | 4 |
| 2 | 1 | 3 | 9 | 8 | 6 | 5 | 4 | 7 |
| 4 | 8 | 5 | 2 | 3 | 7 | 9 | 1 | 6 |
| 7 | 6 | 9 | 5 | 4 | 1 | 8 | 2 | 3 |
| 3 | 2 | 7 | 4 | 5 | 8 | 1 | 6 | 9 |
| 8 | 5 | 1 | 3 | 6 | 9 | 4 | 7 | 2 |
| 9 | 4 | 6 | 7 | 1 | 2 | 3 | 5 | 8 |

# Badisa's Kuumba Care Day

On 6 March 2026 the world was coloured with care through the support of Badisa's Kuumba Care Day, a national campaign initiated by Badisa. Kuumba Care Day raises awareness and funds for their prevention and early-intervention programmes for children. Kuumba also serves as their "ambassador of care" for all their programmes and promotes empathy within communities.

By supporting Kuumba Care Day, people help to create safer and more caring spaces for children and families. Kuumba Care Day is not only about learning through play - it is also fun, interactive and filled with prizes! Thanks to the generous sponsorship of IntegriSure and Old Mutual Insure, an amount of R15 000 was donated towards Kuumba Care Day.

The aim is to implement and sustain Badisa programmes in the Western Cape, Northern Cape and Eastern Cape that provide social services and residential care to vulnerable people. This is done in collaboration with communities, churches, other organisations, government and funders.



The coaches from the Grootbos Foundation assisted Badisa in celebrating Kuumba Care Day with an exciting Kuumba Colour Run, which took place in Stanford and Gansbaai last Friday. (*Photo: Grootbos Foundation*)

**Hardus Botha**

---

Elim HOME
VICTAGNUS NOSTER EUM SEQUAMUR
A residential special care centre for children with mental and physical disabilities
FOUNDED 12 OCTOBER 1963

## PROFESSIONAL NURSE

**About the Position**

An exciting opportunity exists for a qualified Professional Nurse to participate in Elim Home Residential Mental health facility.

**Minimum requirements:**

- Degree / Diploma or relevant Nursing qualifications
- Registration with the South African Nursing Council as Professional Nurse (SANC)
- 10 years experience as Professional Nurse.
- Ability to communicate in at least 2 of the official languages.
- Proven working experience as professional nurse is essential.
- Willingness to work flexitime.
- Work experience in the disability field is an advantage.

**Skills and competencies:**

- Professional ethics
- Interpersonal, communication, counselling, conflict management, problem solving and decision-making skills.
- Supervision Skills

**Duties and Responsibilities of Professional Nurse:**

- **Performance Management:** CW performance evaluation, Participate and give feedback regarding CW performance during CW Appraisals.
- Record Keeping: Statistics and Data collection for all interventions, Recording and reporting monthly, all interventions and initiatives, monthly and quarterly reports to the Director.
- Disciplinary guidance of Staff as part of the Senior team of Elim Home
- Basic duties of the Registered Nurse (Administration, Research and Education)

All interested and suitably qualified candidates should submit a motivational letter with clearly marked certified copies of their CV, ID, GRADE 12 Certificate, SANC Registration and proof of all other qualifications to:

Email CV to Elim Home:
The Director
Mrs. Lesinda Cunningham
Elim Home
Tel: 028-4821988
Fax: 028-4821648
elimhome@zsd.co.za

**Closing date:** 31 March 2026

(In the event that you do not hear from us after the closing date, please consider your application as unsuccessful.)

---

Elim HOME
VICTAGNUS NOSTER EUM SEQUAMUR
A residential special care centre for children with mental and physical disabilities
FOUNDED 12 OCTOBER 1963

## STAFF NURSE

**Registration with a Professional Council:**

Registration with the SANC as Enrolled Nurse

**Minimum requirements:**

-Certificate as Enrolled Nurse.
- 10 years' experience as Enrolled Nurse.
-Ability to communicate in 2 of the official languages.
-Willingness to work flexitime.

**Experience**

-Proven experience in nursing after registration is essential skills and competence.
-Professional ethics.
-Interpersonal, communication, counselling, conflict management, problem solving and decision-making skills.
-Supervision skills.

**All interested** and suitable qualified candidates should submit a motivational letter with clearly marked certified copies of their CV, ID, SANC registration and proof of all other qualification:

Email CV to Elim Home:
**The Director**
Mrs. Lesinda Cunningham
Elim Home
Tel: 028-4821988
Fax: 028-4821648
elimhome@zsd.co.za

**Closing date**: 31 March 2026

(In the event that you do not hear from us after the closing date, please consider your application as unsuccessful.)

# Dubbele seën vir Ikamva Jeugontwikkeling

Organisasies ag hulself baie gelukkig wanneer 'n donateur 'n nuwe voertuig skenk, maar om twee tegelyk te ontvang, wil gedoen wees. Dié voorreg het Ikamva Jeugontwikkeling onlangs te beurt geval - twee splinternuwe Toyota Vitz-voertuie is aan hulle geskenk, met die donateur wat verkies om anoniem te bly.

"Die voertuie is vir ons maatskaplike werkers en hulpmaatskaplike werkers om hul dienste in die Gansbaai-area, asook in omliggende gebiede, te lewer," vertel Jolande Sauls, bestuurder van Ikamva Jeugontwikkeling. "Veral nou met hul nuwe projek, *Community Based Treatment*, verwag ons dat hulle baie mense gaan kry wat gehelp moet word."

Sy sê dit bring mee dat dit nie meer vir mense nodig sal wees om vir hulp na 'n rehabilitasiesentrum te gaan nie, wat baie duur kan wees. Met behulp van die voertuie kan rehabilitasie nou binne die gemeenskap aangebied word. Jolande sê die maatskaplike werkers het al die jare van hul eie vervoer gebruik gemaak.

**Ikamva Middelafhanklikheidsprogram**

Die Departement van Sosiale Ontwikkeling het Ikamva sedert Februarie 2026 begin befonds vir die loods van 'n middelafhanklikheidsprogram. Ná voorafbeplanning en gesprekvoering met ander professies is die program met ingang van 1 Maart 2026 in werking gestel. Op hierdie stadium word die program vanuit die VGK-kerksaal bedryf - wat op sigself 'n geskiedkundige gebeurtenis is, aangesien die saal as eerste laerskool in die vroeë 1900's gebruik is.

"Ons het op Maandag, 2 Maart 2026 met twee kliënte begin en die week met 10 afgesluit," het Jolande gesê. "Ons is baie opgewonde aangesien die program rehabilitasiedienste na kliënte binne gemeenskappe bring." Dienste is gratis en sal deur 'n multidissiplinêre span behartig word. Die Ikamva-span vertrou dat die program, met die samewerking van verskillende rolspelers, 'n positiewe impak op die gemeenskap sal maak. Maatskaplike werkers Lezel Murtz en Abongile Dungelo kan by 028 007 0327 gekontak word, of stuur 'n e-pos na ikamvamaatskaplik@gmail.com.

**Hardus Botha**



*Die twee splinternuwe Toyota Vitz-voertuie wat aan Ikamva Jeugontwikkeling oorhandig is.*

# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Thursday 19/3/2026 | Friday 20/3/2026 | Saturday 21/3/2026 | Sunday 22/3/2026 | Monday 23/3/2026 | Tuesday 24/3/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 24° | 20° | 23° | 22° | 21° | 24° |
| Gentle Breeze 4 m/s from south 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 5 m/s from west 0.1 mm precipitation. | Fresh Breeze 10 m/s from east 2.7 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 9 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from east 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 20 March | 0355 | 1617 | 1008 | 2216 |
| 21 March | 0430 | 1653 | 1043 | 2252 |
| 22 March | 0508 | 1732 | 1121 | 2330 |
| 23 March | 0549 | 1817 | 1203 | 0015 |
| 24 March | 0636 | 1912 | 1254 | 0115 |
| 25 March | 0738 | 2034 | 1409 | 0200 |
| 26 March | 0919 | 2235 | 0302 | 1609 |
| 27 March | 1124 | 0009 | 0516 | 1750 |


Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filing for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filing.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee & Co Accountants

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za





**CONTACT US TO ADVERTISE:**

Michelle:078 010 8286
michelle@gansberg.co.za

Janine:072 931 1431
janine@gansberg.co.za

# Spectacular canoeing results

The spectacular canoeing results from Canal Walk, Cape Town, last weekend were indeed something to be proud of. "We are so proud of these paddlers," said Phillipa Murray from the Grootbos Foundation. Looking at the results below, the Grootbos Foundation can be extremely proud of the paddlers.



**The results are as follows:**

**U/23:** Sibongeleni - 1st 1000m, 1st 500m, 1st 200m and 2nd 2km; Hayward - 2nd 1000m, 2nd 500m, 1st 200m and 3rd 2km; Khanyisa - 3rd 1000m, 3rd 500m, 3rd 200m and 1st 2km; Sibusiso - 4th 1000m, 4th 500m, 4th 200m and 4th 2km.

**U/18:** Imange - 1st 1000m, 1st 500m; 1st 200m, 2nd 2km; Sinoyolo - 2nd 1000m, 2nd 500m, 2nd 200m and 1st 2km.

**U/16:** Yonwaba - 1st 1000m, 2nd 500m, 2nd 200 and 1st 2km.

**U/14:** Sakhe - 1st 1000m, 1st 500m, 1st 200m and 1st 2km; Bubuntu - 44th 1000m, 4th 500m, 4th 200m and 4th 2km; Khanyolwethu - 3rd 1000m, 3rd 500m, 3rd 200m and 3rd 2km.

**U/12:** Nali - 1st 1000m, 1st 500m, 1st 200m and 1st 2km; Lukhanyo - 2nd 1000m, 2nd 500m, 2nd 200m and 2nd 2km.
Congratulations to these paddlers!

**Hardus Botha**




*Liga-medaljes (Afd-D, brons) - Paul, Delicia, Johan, Jacky en Cherica.*



*Trips (A-Afd, silwer) - Bibi, Maritha, en Carina.*



*Trips (B-Afd, silwer) - Marilize, Gerhard, en Stella.*



*Trips (C-Afd, silwer) - Marius, Harry en Johan.*



*Trips (D-Afd, brons) - Paul, Sandra en Johan.*

# VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nr T 75360/2002** gepasseer deur **MUNISIPALITEIT OVERSTRAND** ten gunste van **ZANEMVULA DLOVA, IDENTITEITSNOMMER: 691221 5718 081, ONGETROUD EN NOFEKILE AGNES DLOVA, IDENTITEITSNOMMER: 711220 0906 085, ONGETROUD** ten aansien van sekere **ERF 2003 PEARLY BEACH, Munisipaliteit Overstrand, Afdeling Bredasdorp Provinsie Wes-Kaap** wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Wes Kaap te Kaapstad, Informasie Toonbank, 4de Vloer, Riebeekstraat 2, Foreshore, Kaapstad binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te GANSBAAI op 10de dag van MAART 2026
Guthrie & Theron Prokureurs
Adres - Hoofweg 25 , Gansbaai , 7220
epos - gansbaaitransfers@gtlaw.co.za
Tel nr - 028 3840100

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

PUT YOUR ADVERT HERE...
CONTACT US AT
JANINE: 072 931 1431

# Gansbaai Jukskeiklub maak skoonskip in Overberg

## Aangewys as Jukskeiklub van die Jaar


Gansbaai Jukskeiklub - Klub van die Jaar.

Gansbaai Jukskeiklub het op Saterdag 14 Maart 2026 die poppe (of is dit jukskeie?) behoorlik laat dans tydens die afsluiting van die Overberg-distrik se jukskei-seisoen van 2025/2026 - die Gansbaaiers het inderdaad skoonskip gemaak met die een oorwinning na die ander. "Ons het sonder twyfel die rekordboeke van jukskei in die Overberg herskryf," vertel Piet Zaayman, voorsitter van Gansbaai Jukskeiklub. "Gedurende die 2025/2026-jukskeiseisoen het sewe jukskeiklubs uit die Overberg aan die ligawedstryde deelgeneem, met die Gansbaaiers wat deurgaans uitgetroon het."

Die klub se prestasies sluit onder meer in: Jukskeiklub van die Jaar 2025/2026; Sportvrou van die Jaar van die Overberg Sports Council - Bibi Schmidt van Gansbaai; Maritha Zaayman van Gansbaai wat onder die Mees Opkomende Spelers ingesluit is; Vir die Suid-Afrikaanse Senior Kampioenskappe in Kroonstad vanaf 27 Maart tot 2 April 2026 is vyf van die agt spelers wat gekies is, Gansbaaiers - Jako, Piet en Paul (Afdeling A1) en Carina en Maritha (Afdeling A2); Op die Overberg-distrik se puntelys is Gansbaai bo-aan die lys met 723 punte - 64,5 punte meer as die naaswenner; In die ligawedstryde is twee goue en een bronsmedalje in die onderskeie afdelings ingepalm; In die 'Trips'-afsluiting is drie silwer- en een bronsmedalje verower. Nou ja, wat meer kan 'n mens sê - baie geluk aan 'n uitstekende Gansbaai Jukskeiklub!

**Finale puntestand - Overbergliga**
1ste - Gansbaai (723); 2de - Groenberg (658,5); 3de - Kleinmond (521,5); 4de - Struisbaai (479,5); 5de - Strandskloof (397,5); 6de - Bettiesbaai (282,5); 7de - Visarende (168). Gansbaai Jukskeiklub het ook die 4de plek in die C-afdeling verower.

**Ligamedaljes**
1ste plekke - Goud (A-afdeling): Carina, Piet, Bibi en Jako; 1ste plekke - Goud (B-afdeling): Marilize, Stella, Maritha, Paul en Gerhard; 3de plekke - Brons (D-afdeling): Paul, Delicia, Johan, Jacky en Cherica.

**'Trips'-afsluiting**
A-afdeling: Bibi, Maritha en Carina - 2de plek (Silwer); B-afdeling: Marilize, Gerhard en Stella - 2de plek (Silwer); C-afdeling: Marius, Harry en Johan - 2de plek (Silwer); D-afdeling: Paul, Sandra en Johan - 3de plek (Brons).

Piet bedank graag die volgende borge wat 'n enorme bydrae tot die suksesvolle Overberg-distrikskampioenskappe in Gansbaai gelewer het: Pam Golding Properties; Harcourts Real Estate; Capepots; Dynova; Campbells Fresh; Computer Hut; The Business Pro. "Baie dankie ook aan alle ander kleiner borge en donateurs - elke bydrae beteken baie vir ons klub." Piet nooi ook belangstellendes in Groter Gansbaai uit om by Gansbaai Jukskeiklub se span aan te sluit.
Navrae: Skakel Piet Zaayman (voorsitter) by 082 856 6651.

**Hardus Botha**

**(Foto's volg op bladsy 2)**


Sportvrou van die Jaar - Bibi Schmidt.


Mees opkomende spelers.


Voorsitter Piet Zaayman (2de van links) en sy 3 kapteins.


Gekose lede vir SA Kampioenskappe in Kroonstad.


Liga-medaljes (Afd-A, goud) - Carina, Piet, Bibi en Jako.


Liga-medaljes (Afd-B, goud) - Marilize, Stella, Maritha, Paul en Gerhard.